

Die tweede sendingreis



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Handelinge 16, Romeine 3:28, Galásiërs 2:16, Handelinge 17, I Korinthiërs 1:23, Handelinge 18:1–10.

Geheueteks:

“ ‘Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad’ ” (Handelinge 18:9, 10).

Terug in Antiochië, het Paulus en Bárnabas die kerk versorg en in verdere evangeliese werk betrokke geraak. Dit was blykbaar die laaste keer wat hulle saamgewerk het omdat ‘n warm woordewisseling daartoe gelei het dat hulle paaie geskei het. Die rede vir Paulus en Bárnabas se rusie was Markus, Bárnabas se neef (Kolossense 4:10). Toe Paulus Bárnabas genooi het om saam met hom terug te keer na die plekke waar hulle die evangelie tydens hulle vorige reis, verkondig het, wou Bárnabas sy neef saamgeneem het, maar Paulus was daarteen gekant omdat Markus hulle tydens die eerste reis in die steek gelaat het (Handelinge 13:13). Paulus en Bárnabas se skeiding het egter in ‘n seën verander, want deur elkeen sy eie rigting te gaan, kon hulle ‘n groter gebied as wat hulle in die eerste plek beplan het, bereik. Bárnabas het vir Markus geneem en na Ciprus, Bárnabas se tuisland, vertrek (Handelinge 4:36). In die tussentyd het Paulus vir Silas genooi om saam met hom te gaan en toe deur Sirië en Cilicië gereis, en die kerke daar versterk. Voordat hy na Antiochië die eerste keer gekom het, het Paulus verskeie jare in Tarsus deurgebring (Handelinge 9:30; 11:25, 26). Nou het hy die geleentheid gehad om weer die gemeentes wat hy daar gestig het, te besoek. Nietemin, God se plan vir hom was baie groter as wat hy aanvanklik verstaan het.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 1 September.*

Terug in Listre

Lukas se selektiewe keuse van gebeurtenisse neem Paulus amper reguit na Derbe en Listre. Al wat hy oor Sirië en Cilícië te sê het, is dat Paulus deur daardie gebiede gereis het en die kerke versterk het (Handelinge 15:41).

Lees Handelinge 16:1–13. Wat leer Paulus se optrede ons hier oor hoe sensitief hy was om sodoende ander mense te bereik?

Alhoewel Timóteüs se vader ‘n heiden was, was sy moeder ‘n Joodse Christen; haar naam was Eunice. Ten spyte daarvan dat hy nie besny was nie, het Timóteüs die Skrif as kind leer ken (II Timóteüs 3:15), wat impliseer dat hy ook ‘n vroom persoon was. As ‘n Christen het hy alreeds die respek en die bewondering van al die plaaslike gelowiges afgedwing. Omdat die Jode iemand as Joods beskou het deur na die moeder se stamboom te kyk en nie die vader s’n nie, was Timóteüs as ‘n Jood beskou. Hy was nie op die agste dag na sy geboorte besny nie, miskien omdat sy vader, ‘n Griek, die besnydenis as barbaars beskou het.

Omdat Paulus Timóteüs as ‘n medewerker wou gebruik, en omdat hy geweet het dat, aangesien hy ‘n onbesnede Jood was, hy verbied sou word om die Joodse sinagoges binne te gaan weens ‘n aanklag van afvalligheid, het Paulus hom laat besny. Paulus se motivering om so op te tree, was dus vir praktiese redes en moet nie gesien word as ‘n weerspreking van die evangelie wat hy gepreek het nie. Nadat hy die plekke van sy eerste reis besoek het, het Paulus besluit om suidwaarts, waarskynlik na Éfese in die provinsie van Asië, te reis, maar die Heilige Gees het hom verhinder om dit te doen. Hy het toe noord beweeg en probeer om na Bithínië te gaan, maar weer het die Gees dit nie toegelaat nie. Omdat hy alreeds by Mísíë verbygegaan het, was Paulus se enigste opsie om weswaarts na die seehawe van Troas te gaan, waarvandaan hy in verskillende rigtings kon seil.

In ‘n nagtelike gesig het God egter aan hom getoon dat hy oor die Egeïese See na Macedónië moes reis. Toe sy metgeselle van die visioen gehoor het, het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat God hulle inderdaad geroep het om die evangelie aan die Macedoniërs te gaan verkondig.

Dink daaraan hoekom Paulus Timóteüs laat besny het. Wat behoort dit ons te leer oor om sekere dinge te doen wat ons dalk nie mee saamstem nie, of nodig ag nie, maar wat ‘n groter saak sal bevorder?

Filippi

Nadat hulle in Macedónië aangekom het, het Paulus en sy metgeselle na Filippi gereis waar hulle die eerste Christengemeente In Europa tot stand gebring het.

Lees Handeling 16:11–24. Waarheen het die sendelinge op die Sabbatdag gegaan, en hoekom het hulle daarheen gegaan? Wat het op die ou end met hulle daar gebeur?

Wanneer Paulus in 'n stad aangekom het, het hy oudergewoonte die plaaslike sinagoge besoek om teenoor die Jode te getuig (Handeling 13:14, 42, 44; 17:1, 2; 18:4). Die feit dat hy en sy groep in Filippi saam met sommige vroue (beide Joodse en heidense gelowiges) buitekant die stad langs die rivier gaan aanbid het, dui daarop dat daar heelwaarskynlik geen sinagoge in daardie stad was nie. Hierdie gebeurtenis toon duidelik dat Paulus nie net na die Joodse sinagoges op 'n Sabbat gegaan het om te evangeliseer nie, maar ook omdat dit die dag was waarop hy aanbid het.

Lees Handeling 16:25–34. Hersien die verhaal van die tronkbewaarder se bekering. Wat moes hy gedoen het om gered te word?

Paulus en Silas se antwoord op die tronkbewaarder se vraag stem heeltemal ooreen met die evangelieboodskap, want regverdiging vind alleen deur geloof in Jesus plaas (Romeine 3:28, Galásiërs 2:16). Wat egter nie hiervan afgelei kan word nie is dat, deur net in Jesus te glo, dit al is wat nodig is om gedoop te word ten koste van behoorlike praktiese voorbereiding vir die doop en die onderrig in leerstellings. Wat weet ons van die tronkbewaarder? Was hy 'n Jood of 'n Joodse proseliet? In albei gevalle het hy nodig gehad om in Jesus as sy Heer en Verlosser te glo. En wat daarvan as hy 'n heidense gelowige was wat God alreeds geken en Hom aanbid het, soos Cornelius en Lídia (Handeling 16:14) en baie ander wat in die Boek Handeling genoem word? En wat daarvan as hy dalk voorheen Paulus se evangelie pogings in die stad bygewoon het? Wat ook al sy omstandighede was, hierdie vinnige optrede moet nie as 'n verskoning gebruik word om iemand te vinnig te doop nie.

Lees Handeling 16:31–34. Wat leer ons hieruit oor hoe volledig en volkome Christus se offer namens ons was? Hoe kan jy dag vir dag leer om in die sekerheid van Christus se geregtigheid wat jou dek as jou enigste hoop op verlossing, te berus?

Thessalonika and Beréa

Nadat Paulus en Silas uit die tronk losgelaat was, het die sendelinge na Filippi vertrek (Handelinge 16:35–40). Vanaf Filippi het Paulus en sy reisgenote reguit na Thessalonika, die hoofstad van Macedónië, gegaan.

Lees Handelinge 17:1–9. Hoe het die Jode in Thessalonika op Paulus se suksesvolle prediking onder die heidene, gereageer?

Weer sien ons dat Paulus die sinagoge besoek het om die evangelie te bedien. ‘n Groot menigte van die godsdienstige Grieke en ‘n groot aantal van die aansienlikste vroue was deur Paulus se boodskap oortuig. Dit wil voorkom of hierdie bekeerlinge wat “by Paulus en Silas” aangesluit het, (Handelinge 17:4) ‘n aparte groep gevorm het, en nie in die sinagoge bymekaargekom het nie. Hulle het waarskynlik in Jason se huis vergader. Omdat hulle afgunstig was, het die ongelowige Jode ‘n oproer begin. Hulle bedoeling was om Paulus en Silas – Timóteüs word nie genoem nie – voor die volk te bring en hulle aan te kla. Toe hulle nie die sendelinge kon vind nie, het hulle Jason en ‘n paar ander nuwe gelowiges na die stadsowerhede gesleep en hulle aangekla dat hulle die mense wat die wêreld in opstand bring, gehuisves het.

Lees Handelinge 17:10–15. Wat was die reaksie van die Beréaanse Jode in vergelyking met dié in Thessalonika?

Die term eugenēs (Handelinge 17:11) het oorspronklik “van goeie afkoms” of “van adellike afkoms” beteken, maar met tyd het dit ‘n “edelmoedige” gesindheid aangedui, wat vermoedelik hier die geval was. Die Jode van Beréa word lof toegeswaai nie net omdat hulle met Paulus en Silas saamgestem het nie, maar omdat hulle gewillig was om die Skrif self op ‘n daaglikse basis te ondersoek om te sien of dit wat die sendelinge vir hulle vertel het, die waarheid was. Deur slegs emosioneel op die evangelieboodskap te reageer sonder die nodige intellektuele oortuiging, neig so ‘n bekeringsondervinding om oppervlakkig en van korte duur te wees. Dit was egter nie lank voordat vervolging Paulus se suksesvolle bediening in Beréa kort gesny het nie, en hom gedwing het om verder suid na Athéne te beweeg.

Wanneer was die laaste keer wat jy die Skrif ywerig bestudeer het om te probeer uitvind “of hierdie dinge [watter dinge ook al], so [is]”?

Paulus in Athéne

Athéne, die intellektuele sentrum van ou Griekeland, was letterlik aan afgode toegewy. Marmer standbeelde van persone en gode was oral te vinde, veral by die ingang van die stadsplein wat die bymekaarkomplek van die stadslewe was. Paulus was so onsteld oor die afgodsaanbidding wat alles oorheers het, dat hy sy gewoonte om eerste na die sinagoge te gaan, laat vaar het, en 'n tweeledige plan van aksie in werking gestel het: sy weeklikse redenering met die Jode en toegewyde heidene in die sinagoge, en daaglik met die Grieke op die stadsplein. (Sien Handeling 17:15–22.) Omdat die Athéners altyd gereed was om iet nuut te wou hoor, het sommige filosowe baie in Paulus se leringe belanggestel en hom genooi om die mense vanaf die Areópagus, die hoogste regbank in oud-Athéne, toe te spreek. In sy toespraak het Paulus nie uit die Skrif aangehaal of die geskiedenis van God se handeling met Israel herhaal soos wanneer hy met 'n Joodse gehoor gepraat het nie (vergelyk met Handeling Acts 13:16–41); hierdie benadering sou nie die regte benadering tot hierdie toehoorders gewees het nie. In plaas daarvan het hy sommige Bybelse waarhede op so 'n manier aangebied dat hierdie geleerde heidene dit kon verstaan.

Lees Handeling 17:22–31. Watter groot waarhede oor God en verlossing, en geskiedenis en die mensdom, het hy in sy Areópagustoespraak aan hierdie mense gebring?

Die meeste van Paulus se woorde het so belaglik vir daardie gesofistikeerde heidense gehoor geklink omdat hulle begrip oor God en godsdiens baie verdraaid was. Ons weet nie hoe Paulus sy boodskap wou afsluit nie, want dit wil voorkom asof hy in die rede geval was die oomblik toe hy na God se oordeel oor die wêreld verwys het (Handeling 17:31). Hierdie geloofsbelydenis het loodreg met twee Griekse konsepte gebots: (1) dat God uiters bonatuurlik is en niks met hierdie wêreld te doen het of Hom met die mens bemoei nie, en (2) dat wanneer 'n persoon doodgaan, daar geen opstanding is nie. Dit help ons om te verstaan hoekom die evangelie vir die Grieke dwaasheid was (I Korinthiërs 1:23), en die aantal bekeerlinge in Athéne min was. Nogtans was onder die wat gelowig geword het sommige van die mees invloedryke mense in Athéne, soos Dionisius, 'n lid van die Areópagus, en Dámaris, wie, deurdat haar naam genoem word, status gehad het en dalk ook 'n lid van die regbank van wysgere was (Handeling 17:34).

Paulus se verskillende benaderings tot die Areópagus se wysgere toon dat hy bewus was van sosiale en kulturele verskille. Hy het selfs 'n heidense digter aangehaal (Handeling 17:28) om sy punt tuis te bring. Wat behoort dit ons te leer oor hoe ons verskillende metodes kan gebruik om verskillende mense te bereik?

Paulus in Korinte

In Handeling 18:1–11 lees ons van Paulus se ondervinding in Korinte waar hy vir een en ‘n half jaar gewoon het. Hier het sy lewenslange vriendskap met Aquila en Priscilla begin (Romeine 16:3, II Timóteüs 4:19). Volgens die verhaal moes hulle alreeds Christene gewees het toe hulle in Korinte aangekom het. Die rede vir hulle verblyf in Korinte was heelwaarskynlik omdat Keiser Claudius bevel gegee het dat alle Jode uit Rome moes vertrek. Die Roomse geskiedkundige, Suetonius, dui aan dat die uitsettingsbevel heelwaarskynlik gebeur het omdat daar versteurings in die Joodse gemeenskap was oor die naam van “Christus” (Claudius 25.4), wat die gevolg was van die prediking van die evangelie deur plaaslike Joodse gelowiges. Dit was dus moontlik dat Aquila en Priscilla ook betrokke in sulke aktiwiteite geraak het. In alle geval, behalwe dat hulle en Paulus dieselfde Joodse agtergrond gehad het, het hulle ook dieselfde beroep beoefen.

Lees Handeling 18:4–17. Wat was die gevolg van Paulus se sendingaktiwiteite in Korinte?

Toe Silas en Timóteüs vanaf Macedónië gearriveer het, het hulle bydraes van die kerke in Macedónië saamgebring (II Korinthiërs 11:8, 9), en dit het Paulus gehelp om al sy tyd aan die prediking van die evangelie te gee. Paulus se beleid was om, gedurende sy bediening, self sy onkoste te betaal, alhoewel hy die gemeentes geleer het: “So het die Here vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe (I Korinthiërs 9:14). Ten spyte van die Jode se sterk teenkanting teen Paulus se boodskap, het sommige Jode begin glo, en ook sommige van die heidene wat God aanbid het. Onder die bekeerlinge was Crispus, die hoof van die sinagoge, en sy hele huisgesin. Baie van die Korinthiërs het ook geglo en was toe gedoop. Die Jode se situasie was egter gespanne soos wat die volgende episode dit illustreer (Handeling 18:12–17), en Paulus wou heelwaarskynlik Korinte hieroor verlaat het, maar in ‘n nagtelike gesig het hy goddelike bemoediging ontvang om aan te bly (Handeling 18:9–11). Op pad terug na Antiochië, het Paulus Aquila en Priscilla saam met hom geneem en hulle in Éfese laat bly waar hy ‘n paar dae lank vertoef het voordat hy sy reis hervat het. Terwyl hy daar was, het hy geleentheid gekry om in die plaaslike Joodse sinagoge te preek waar hy positiewe terugvoer gekry het. Dit het hom aan homself laat belowe dat hy, deur God se genade soontoe sou terugkom (Handeling 18:18–21). En dit het toe gedurende sy volgende sendingreis so gebeur.

Paulus se frustrasie met die ontvangs wat hy in Korinte ondervind het, het bemoediging van die Here nodig gehad, veral met betrekking tot die siele wat daar verlos moes word. Wat sê die Here se woorde aan hom (Handeling 18:10) vir ons wanneer ons dieselfde voel as wat Paulus daar gevoel het?

Vir verdere studie:

“Diegene wat in ons tyd ongewilde waarhede verkondig, hoef nie mismoedig te word indien hulle soms – selfs deur voorgewende Christene – niks vriendeliker ontvang word as wat Paulus en sy medewerkers deur die mense onder wie hulle gewerk het, ontvang is nie. Die kruisgesante moet hulle met waaksaamheid en gebed bewapen en gelowig en moedig voortgaan om altyd in die Naam van Jesus te werk...” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 183-184. “As diegene aan wie die toetswaarhede in die sluitingsdae van hierdie wêreld se geskiedenis verkondig word die voorbeeld van die Beréane wou volg deur die Skrifte daagliks te ondersoek en die boodskap wat aan hulle verkondig word, met die Woord van God wou vergelyk, sou daar tans ‘n groot aantal wees wat aan die voorskrifte van Gods wet getrou is, waar daar nou betreklik min is... “Almal sal geoordeel word volgens die lig wat aan hulle gegee is. Die Here stuur Sy gesante uit met ‘n verlossingsboodskap, en Hy hou diegene wat hoor, verantwoordelik vir die wyse waarop hulle die woorde van Sy diensknegte behandel. Diegene wat opreg na waarheid soek, sal die leerstellings wat aan hulle voorgedra word, versigtig in die lig van die Bybel ondersoek.” — bl. 185-186.

Vrae vir bespreking:

1. In die konteks van die laaste paragraaf van Maandag se studie, bespreek in die klas die implikasie van die volgende verklaring: “Dit is nodig dat doopkandidate meer deeglik voorberei word. . . . Die beginsels van die Christelike leefwyse behoort aan hulle wat nuut is in die waarheid meer duidelik gemaak te word.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 6, bl. 91-92.
2. Dink meer na oor Woensdag se laaste vraag. Hoe kan ons as ‘n kerk dieselfde begrip toon wat Paulus van kulturele verskille gehad het, en dieselfde gewilligheid om mense op hulle vlak tegemoet te kom sonder om die evangelie of ons eie godsdienstige identiteit op te offer?
3. Lees Handeling 17:32–34. Wat kan ons uit die drie antwoorde op Paulus se boodskap in Athéne, leer? “(1) Sommige het gespot. Die emosionele ernstigheid van hierdie snaakse Jood het hulle geamuseer. Dit is moontlik om die lewe as ‘n grap te sien; maar diegene wat so maak, sal uitvind dat ‘n komedie gewoonlik op ‘n tragedie uitloop. (2) Sommige het hulle besluit uitgestel. Die gevaarlikste dag in ‘n mens se lewe is wanneer daar ontdek word hoe maklik dit is om oor die toekoms te praat. (3) Sommige het geglo. Die wyse mens weet dat dit net ‘n dwaas is wat God se aanbod verwerp.” — William Barclay, *The Acts of the Apostles*, rev. ed. (Philadelphia: Westminster, 1976), bl. 133, (vrye vertaling).
4. Paulus het eintlik ‘n heidense skrywer aangehaal (Handeling 17:28) om sy punt aan die Athéners te bewys. Wat behoort dit aan ons te sê oor hoe waardevol dit kan wees om sulke bronne somtyds te gebruik? Watter gevare kan dit ook inhou?